higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KONSTRUKSIETOESIGHOUDING
NKR VLAK 4

24 November 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1
- Verwyder ongewenste en nuttelose rommel
- Laai rommel op vragmotors
- Bring plankheinings op die terrein aan
- Maak oppervlakke skoon voor oorhandiging
- Help met die verpakking van items in die stoorkamers en toesluitstore
- Laai bakstene en ander materiaal van vragmotors af
- Doen voorraadopnames (Enige 5 × 1) (5)

1.2



(5 × 1) (5)

1.3
- Goeie persoonlike eienskappe
- Erkende opvoedkundige kwalifikasies
- Ten minste VYF jaar se ervaring in die toepaslike ambag
- Vermoë om te beplan, te lei, te versorg, organiseer en beheer
- Goeie kommunikasievaardighede
- Goeie gesondheid (Enige 5 × 1) (5)

1.4
- Wanneer hulle in die openbaar geprys word, toon dit lojaliteit aan die werkers
- Wanneer werkers voor ander geprys word, toon jy dat die organisasie in hulle glo
- Werkers voel goed oor hulself
- Werkers word gemotiveer en werk harder
- Die respek tussen werkers en die bestuur verbeter
- Produktiwiteit sal verbeter (Enige 5 × 1) (5)

[20]

VRAAG 2

2.1
- Verseker dat werk so uitgevoer word dat die klant daarmee tevrede is.
- Verseker dat die korrekte materiaal en vakmanskap altyd aangewend word.
- Inspekteer 'n groot verskeidenheid tegniese aspekte van die werk.
- Kontroleer dat konstruksie volgens gesondheids-en-veiligheidswetgewing gedoen word.
- Adviseer kontrakteurs oor sekere aspekte van die werk, veral wanneer iets verkeerd loop.
- Hou gedetailleerde rekords oor verskeie aspekte van die werk wat van hulp kan wees wanneer verslae opgestel en geskryf moet word.

(Enige 5 × 1) (5)

2.2 Gehaltebeheer beteken die identifisering van projekte of dienste✓ wat nie aan die maatskappy se standaarde voldoen nie.✓ Dit moet aangepas word om aan die standaarde te voldoen, of moet gestaak word. (2 × 1) (2)

2.3
- Dit toon die vordering en veranderinge wat tydens die beplanning en voorlopige ontwerpfases plaasvind.
- Dit voeg beduidende waarde by 'n projek.
- Dit laat die projekbestuurder toe om te bepaal of die projek volgens skedule verloop of nie.
- Dit monitor die projek baie goed.
- Dit is 'n noodsaaklike komponent van goeie projekbestuur. (Enige 3 × 1) (3)

[10]

VRAAG 3

3.1
- Gebruik behoorlike versperring en naamborde.
- Neem tyd om die taak korrek uit te voer.
- Rapporteer onveilige werkstoestande onmiddellik.
- Weier om in onveilige toestande te werk en leer om nee te sê.
- Gebruik en dra altyd die korrekte PBT.
- Kom veiligheidsreëls en -regulasies altyd na.
- Leer ken die toerusting en gebruik dit korrek.
- Dink aan die veiligheid van ander in alles wat jy doen. (Enige 5 × 1) (5)

3.2
- Beskermende sweisvoorskoot
- Veiligheidskoene/-stewels
- Oorbeskermers/oorproppies
- Sweishandskoene
- Sweisbril/gesigskerm
- Beskermende oorpak (Enige 5 × 1) (5)

[10]

VRAAG 4

4.1
- Om elke item en die doel daarvan voor te hou
- Om deelname aan te moedig
- Om te verseker dat ander nie die vergadering oorheers nie
- Om bydraes te vra
- Om tydens die vergadering take toe te ken
- Om seker te maak dat die vergadertyd eerbiedig word (Enige 5 × 1) (5)

4.2 **Direkte koste**
'n Koste of uitgawe✓ is direk verwant aan die werk of 'n kostepunt in 'n onderneming.✓

Voorbeeld:
In 'n konstruksie-onderneming kan die messelspan, die skrynwerkspan en die loodgieterspan kostepunte wees.✓ (2 + 1) (3)

Indirekte koste
'n Koste of uitgawe✓ wat nie direk verwant is aan 'n spesifieke kostepunt nie.✓

Voorbeeld:
Sekuriteit op die bouterrein.✓ (2 + 1) (3)

4.3
- Verbruiksgoedere
- Brandstof
- Gereedskap
- Materiaal
- Arbeid (5 × 1) (5)

4.4
- Gesondheids- en veiligheidsvergaderings
- Vergaderings oor die induksieprogram
- Vergaderings oor die vordering van die projek
- Vergaderings oor nuwe ontwikkelings
- Besprekings voordat tenders gelewer word
- Gereelde spanvergaderings
- Vergaderings met belanghebbers (Enige 4 × 1) (4)

[20]

VRAAG 5

5.1

5.1.1	Onwaar
5.1.2	Onwaar
5.1.3	Onwaar
5.1.4	Onwaar
5.1.5	Onwaar
5.1.6	Waar
5.1.7	Waar
5.1.8	Waar
5.1.9	Waar
5.1.10	Waar

Waar (10)

5.2
- Sorg vir hul eie gesondheid en veiligheid en dié van ander wat beïnvloed mag word deur wat hulle doen.
- Voer enige wettige instruksies van die werkgewer oor gesondheid en veiligheid uit.
- Dra voorgeskrewe beskermende klere of gebruik voorgeskrewe veiligheidstoerusting.
- Rapporteer onveilige of ongesonde toestande so spoedig moontlik aan die werkgewer of die veiligheidsverteenwoordiger.
- Rapporteer enige voorvalle wat 'n gevaar vir medewerkers mag inhou of die eiendom mag beskadig. (5)

[15]

VRAAG 6

6.1
- Om die veiligheid van werkers te verseker.
- Om die onderneming se doelwitte te bereik.
- Om moraal te handhaaf.
- Om menskapitaal te onwikkel. (Enige 3 × 1) (3)

6.2
- Diefstal.
- Oneerlikheid of bedrog.
- Verbreking van enige veiligheids- en sekerheidsregulasies.
- 'n Bakleiery op die maatskappy se perseel.
- Aanranding.
- Deur gevaarlike wapens te dra.
- Om alkohol of dwelms op die maatskappy se perseel aan te hou.
- Om die maatskappy se eiendom doelbewus te beskadig.
- Ongemagtigde of nalatige gebruik van die maatskappy se eiendom.
- Intimidasie of viktimisasie. (Enige 6 × 1) (6)

Kopiereg voorbehou

6.3
- Dit beïnvloed spanwerk negatief.
- Die projek mag dalk nie betyds voltooi word nie.
- Dit verminder omset en wins.
- Dit lei tot swak personeelmotivering.
- Dit verhoog afwesigheid.
- Dit het 'n ontevrede arbeidsmag tot gevolg.
- Dit lei tot swak arbeidsverhoudinge, sabotasie en diefstal.
- Dit kan ongehoorsaamheid in die hand werk.
- Dit beïnvloed die gehalte van die werk. (Enige 4 × 1) (4)

6.4 Demosie is wanneer die werknemer deur die werkgewer✓ na 'n ander posisie in die organisasie verskuif word wat minder verantwoordelikheid en status as die huidige rol behels.✓ (2)
[15]

VRAAG 7

- Terreininstruksies
- Tekeningskedules
- Variasieopdragte
- Rekwisisies
- Aankoopbestelvorms
- Afleweringsnotas
- Materiaalsertifikate
- Veiligheidsinspeksierekords
- Notules van veiligheidsvergaderings
- Ongeluk- of insidentverslae
- Argiteksinstruksies (Enige 10 × 1) **[10]**

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou